


**Ons leef in ’n tyd waar mense voortdurend kyk.**
**Ons kyk na mekaar, ons oordeel mekaar, ons vergelyk met mekaar.**
**Of dit nou op sosiale media is, by die werk, of selfs in die kerk –**
**ons meet mekaar aan prestasie, beeld, posisie en sukses.**

**Maar God kyk anders.**
**Hy kyk nie na die buitekant nie.**
**Hy kyk dieper – Hy kyk na die hart.**


1 SAMUEL 16:7
LOGOS

# (1 Samuel 16:7)

**“7Maar Hy sê vir Samuel: “Moenie na sy voorkoms of sy buitengewone lengte kyk nie, want Ek het hom nie gekies nie. Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike.”**

**Lees die volgende teksgedeelte saam deur.**

**Wat sien jy raak?**

**Waaroor wonder jy?**

**Wat laat dit jou dink?**

**Gesels dieper oor hierdie gelykenis van Jesus…**

# Lukas 18:9-14

9Met die oog op mense wat seker was dat hulle eie saak met God reg is en wat op ander neergesien het, het Jesus hierdie gelykenis vertel:

10“Twee mense het na die tempel toe gegaan om te bid. Die een was 'n Fariseër en die ander een 'n tollenaar.

11Die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: ‘O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie: diewe, bedrieërs, egbrekers, en ook nie soos hierdie tollenaar nie. 12Ek vas twee keer in die week en ek gee 'n tiende van my hele inkomste.’

13“Maar die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: ‘O God, wees my, sondaar, genadig.’

14“Ek sê vir julle: Hierdie man, en nie die ander een nie, het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is.

Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word; en hy wat nederig is, sal verhoog word.”



**Dink aan die Fariseër se gebed…**
**Wat is kenmerkend van sy gebed?**
**Dink aan die tollenaar se gebed…**
**Wat is kenmerkend van sy gebed?**

**Vergelyk dié twee manne se gebede met mekaar…**
**Vergelyk dié twee manne se karakters en ook hulle plek in hulle kringe.**



Hy sien nie **status** nie, Hy sien **siel**.
Hy sien nie **hoeveel jy doen nie**, maar **waarom jy dit doen**.

Die **Fariseër** was geestelik indrukwekkend, maar **sy hart was koud.**
Die **tollenaar** was moreel gebroke, maar **sy hart was oop.**
**En God kies altyd die oop hart bo die perfekte masker.**

# Psalms 65 :1-14

2Aan U, o God, kom 'n lofsang toe in Sion: geloftes moet betaal word 3aan U wat die
gebed verhoor. Na U toe sal alle mense kom 4om hulle skuld te bely. Ons sondes
het ons ingehaal, maar U maak ons daarvan vry.

5Dit gaan goed met die mens vir wie U uitkies en laat naderkom om in u tempel te
bly. Laat ons die goeie dinge in u huis in oorvloed geniet, die goeie dinge in u heilige
woning. 6In u trou antwoord U ons met kragtige dade, o God, ons Verlosser, op wie
ook die mense in afgeleë lande en op verre seë vertrou.

7U is met mag omgewe, U laat deur u krag die berge vas bly staan; 8U laat die
gedruis van die see, die geraas van die golwe, die rumoer van die nasies bedaar,
9sodat ook die mense in afgeleë lande ontsag kry vir die tekens van u mag; in die
ooste en in die weste laat U die mense juig.

10U sorg vir die land en gee oorvloed, U maak dit baie vrugbaar. Die groot riviere is
vol water, U laat die koring welig staan. Alles is u werk! 11U maak die ploegvore vol
water en die kluite nat, U laat hulle sag word van die reëns, U laat alles welig groei.

12U kroon die jaar met u goeie gawes. Waar U ook gaan, is daar oorvloed! 13Daar is
volop weiding in die woestyn; die bulte juig, 14die velde wemel van die kleinvee, die
vlaktes staan vol koring; hulle juig en hulle sing.

# Wat is kenmerkend oor hierdie Psalm?




# Bespreek die volgende teksgedeelte met mekaar...

## 2 Timoteus 4:6-8, 16-18

6Wat my betref, ek word alreeds as drankoffer uitgegiet. Die tyd van my dood
is voor die deur. 7Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik;
ek het gelowig end-uit volgehou. 8Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die
lewe by God. Op die dag dat Hy weer kom, sal die Here, die regverdige Regter,
dit vir my gee, en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat met verlange
uitsien na sy koms.

16Toe ek my die eerste keer voor die hof moes verdedig, het niemand my
bygestaan nie; almal het my in die steek gelaat. Mag God hulle dit nie toereken
nie! 17Maar die Here het my bygestaan en my krag gegee, sodat deur my die
prediking tot sy volle reg kon kom en al die heidennasies dit kon hoor. En ek is
uit die bek van die leeu gered.

18Die Here sal my red van elke onheil en my behoue in Sy hemelse koninkryk
bring. Aan Hom kom die eer toe tot in alle ewigheid! Amen.



7Ek het die goeie
wedloop afgelê; ek het
die wenstreep bereik;
ek het gelowig end-uit
volgehou.


17Maar die Here het my
bygestaan en my krag
gegee, sodat deur my die
prediking tot sy volle reg
kon kom en al die
heidennasies dit kon hoor.

**Paulus se lewe was nie vol sukses volgens wêreldstandaarde nie;**
**hy eindig in ’n tronksel.**
**Maar in God se oë is hy oorwinnaar.**

**Hoekom?**
**Want hy het geleer dat ware krag lê in nederigheid.**
**Ware geloof is nie trots nie, maar afhanklikheid.**

# 2 Korientiërs 12:7-10

**Daarom, sodat ek nie hoogmoedig sou wees nie, is daar
vir my 'n doring in die vlees gegee, 'n boodskapper van
Satan om my met vuiste te slaan. 8Drie maal het ek die
Here gebid dat dit van my af weggeneem moet
word. 9Sy antwoord was: “My genade is vir jou genoeg.
My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.”
Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem,
sodat die krag van Christus my beskutting kan
wees. 10Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings,
ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van
Christus, want as ek swak is, is ek sterk.**


1 SAMUEL 16:7
LOGOS

- Is my geloof ’n **vergelyking** of ’n **verhouding**?
- Dink ek ek verdien God se guns, of leef ek elke dag in dankbare verwondering oor sy genade?
- Wanneer laas het ek opreg gesê: “Here, wees my genadig”?


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS